

**Sondag, 21 Junie 2020**  
**Fokusteks: Matteus 10:24-39**

Die Deense godsdienstige skrywer en filosoof, Kierkegaard (1854), maak 'n onderskeid tussen bewonderaars, leerlinge en dissipels van Jesus. *Bewonderaars* dink baie van Jesus en sy leer. Hulle stem op punte met Hom saam, haal Hom graag aan en beskou Hom as 'n besondere mens. *Leerlinge* staan veel nader aan Hom. Hulle wil van Hom leer. Hulle bestudeer wat Jesus gesê het, bespreek dit en kan dit later selfs op hulle beurt vir ander leer.

*Dissipels* egter, is nie net verbonde aan sy leer nie, maar aan Homself. Hulle lot is by sy lot ingevoeg. Hulle lewens - en daarom hulle sterwe - is in sy hande. Wat met Hom gebeur, kan met sy volgelinge ook gebeur. Hulle volg Hom na. Dis soos mense by 'n sportwedstryd. Of dit nou jou kind se skool se span of jou nasionale span is, as die span wen het jy as't ware ook gewen. Dis hoe ons gevoel het toe die Springbokke verlede jaar die Wêreldbeker gewen het. Die hele Suid-Afrika het in die wen gedeel. As jou span verloor, het jy ook verloor. Jy is nie maar net 'n blote toeskouer nie, dis asof jy self op die veld speel. Ons lees in v.24-25:

*"'n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie. 'n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar.*

Ons lewens is aan Jesus vasgebind. Ons kan dus verwag dat ons dieselfde ervaring as Jesus sal hê. Hy is uitgeskel, verneder en vervolg. Moenie verbaas wees as jy dieselfde soort teenstand ervaar omdat jy in Jesus glo en aan sy Woord gehoorsaam wil wees nie. Die dissipels het agtergekom dat dissipelskap nie 'n soort lewe weg van die harde realiteit is nie. Inteendeel, die lewe kan juis meer uitdagend word. Jesus het hulle uitgestuur na dorpe toe om barmhartigheidswerk te gaan doen en die Woord te verkondig (10:1-15). Maar vanaf v.16 waarsku Jesus dat hulle voor die regering gedaag gaan word, mense sal hul haat, selfs doodmaak. Gehoorsame, lojale navolging van Jesus sou selfs spanning en tweedrag in huise bring (34-37). Selfs gesinslede kan teen mekaar opstaan wanneer sommige vir Jesus navolg en ander nie.

My probleem vandag is, wat moet ek vir julle verkondig oor die dissipelskap soos wat die gelowiges dit in daardie tyd verstaan het? Want sien, hulle is vervolg oor hulle geloof. Jesus sê in v.16 Hy stuur hulle soos skape tussen wolwe in. Maar ons leef nie hier in 'n soortgelyke situasie of konteks nie. Niemand gaan jou hof toe vat omdat jy 'n christen is nie. Ons hou oop en bloot eredienste, ons word nie daarvoor vervolg nie. Daar is orals kerkgeboue te sien in ons stede en dorpe. Trouens, sommige christelike feesdae is selfs openbare vakansiedae, soos *Goeie Vrydag* en *Kersfees*. Verder word immers geleer in hierdie land om mekaar se kulture, godsdienste en geloof te respekteer. So, ons ervaar nie dieselfde tipe lyding en swaarkry as wat die dissipels op daardie stadium ervaar het nie.

Wat wil die teks vir ons kom leer vandag, terwyl ons lewensituasie totaal anders is as dié van die dissipels? Het dit dan vir ons nog 'n sinvolle boodskap? V.34-39 val vreemd op die oor, maar dit help ons om die beginsel van waaroor dit hier gaan, te begryp. Ek wys op die laaste deel, v.37-39:

*<sup>37</sup>"Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie. <sup>38</sup>Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie. <sup>39</sup>"Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind."*

Dit maak nie saak wat jou lewensomstandighede is, of jy nou leef in die tyd van die dissipels se vervolging, of in die hede, waar ons nie daardie soort vervolging ervaar nie. Die beginsel bly dieselfde, en dit is naamlik dat Jesus in die beheersentrum van jou lewe behoort te staan.

Dit gaan vir die kind van die Here om prioriteite en lojaliteite. Dit gaan om 'n doelbewuste keuse vir Jesus, wat onomkeerbare gevolge vir jou lewe inhou. Dit gaan nie soseer oor 'n keuse téén ouer of kind nie, sodat ons ons verhouding met hulle verbreek nie, maar oor die feit dat ons verhouding tot Jesus Christus die bepalende van al ons ander verhoudinge word. Die woorde, *'ter wille van My'* (39), word die uitgangspunt van 'n dissipel se lewe. Wanneer jy geroep word om Jesus te volg, tree jy in 'n nuwe verhouding wat jou toekoms totaal verander. Hierdie nuwe verhouding word dan die basis van jou verhoudings met alle ander mense, met familie, vriende of vreemdelinge.

As jou vriendskappe met ander mense dit vir jou moeilik maak om aan die Here getrou te bly, dan moet jy breek met daardie vriendskappe ter wille van jou vriendskap met Christus. As jy gekonfronteer word met onetiese praktyke in jou besigheid, sal jy 'n keuse moet maak of jy daarmee saamgaan en die voordele daarvan geniet, en of jy dit prysgee ter wille van die ewige lewe in Christus.

Ons verhouding met Jesus is gegrond op sy lewenstyl, sy voorbeeld. Dissipels streef om na die voorbeeld van Jesus te leef en as sodanig ook vir ander 'n voorbeeld te wees. Vandaar die uitdrukking dat ons vir andere "n Christus" moet wees. Die kruis staan sentraal in die lewe van Jesus. Daarom moet die dissipel wat Hom wil volg ook bereid wees om op die pad van die kruis te volg. Dietrich Bonhoeffer skryf: *"Net hulle wat glo, is gehoorsaam en net hulle wat gehoorsaam is, glo waarlik."* Geloof en lewe, geloof en navolging, geloof en dissipelskap is onskeibaar. Sonder die een beteken die ander niks nie.

Wat is die teken van 'n lewendige kerk of gemeente? 'n Lewendige kerk is nie 'n groot kerk nie. Dit is eerder 'n geloofsgemeenskap waar Jesus onvoorwaardelik navolg word. Dissipelskap vra dus 'n fyn onderskeidingsvermoë. Dit vereis 'n optrede van gehoorsaamheid wat gebaseer is op die lewenstyl en voorbeeld van Jesus. Navolgers van Jesus is ook nie geheimsinnig oor wat hulle glo nie. Jesus maak dit duidelik dat ons dit wat ons gehoor het, openlik moet bekendmaak. Kyk weer na v.26,27,32:

*Moet dus nie vir mense bang wees nie. Daar is niks bedek wat nie openbaar gemaak sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie. Wat Ek vir julle in die donker sê, moet julle in die daglig sê, en wat in julle oor gefluister word, moet julle van die dakke af uitbasuin. Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is.*

Ons tree nie as geheime agente van God op nie. Jy moet jou ware kleure wys. Jy moet die Here dien en navolg. Dit vereis totale selfverloëning. Dis wat Jesus bedoel as Hy sê dat ons ons kruis moet opneem en Hom volg. Ons gee alles prys – lewe, ambisie, toekoms, reputasie en populariteit – ter wille van Jesus. Ons loop die pad wat Jesus geloop het.

Wanneer 'n mens toegewyd aan Jesus leef, kan jy weet jy leef onder die beskerming van die Vader. Daarom moet Christene vir niemand bang wees nie. Ons vrees nie die dood of dreigemente en aksies van vyandiggesinde mense nie. Hulle kan die lewe wat God gegee het, nie wegneem nie. Slegs God kan die lewe totaal wegneem. Daarom moet ons Hóm eerder as mense vrees (10:28). Ons vrees vir vervolging en bespottings omdat ons met 'n eendimensionele werklikheid werk. Ons dink dat hierdie werklikheid die enigste is. Ons dink dat as ons ons lewe, waardigheid, reputasie, werk of gewildheid ter wille van Christus verloor, dit die einde is. Dit is nie. As ons egter doelbewus kies om eerder na onself om te sien is dit wel die einde. Die keuse vir of teen Jesus is 'n saak om lewe en dood – ewige lewe of ewige dood. Ons eer en aanvaar die gesag van Hom wat mag oor ewige lewe en dood het. Daarom bly ons getrou aan ons roeping.

Jesus beloof dat God in alle omstandighede by ons wees. Hy verduidelik dit deur 'n treffende beeld in v.29-31:

*<sup>29</sup>"Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. <sup>30</sup>Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. <sup>31</sup>Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies."*

Mossies was die goedkoopste voëls wat jy op die mark kon koop. Hulle was dus nie baie waardevol geag nie. God se sorg maak egter nie onderskeid tussen meer waardevolle en minder waardevolle mense nie. Hy deel dit uit aan almal, sonder onderskeid. So sal die Here ook met jou as sy kind hier op aarde wees ongeag jou sosiale status en jou persoonlike omstandighede. Hy het sy dissipels gewaarsku oor teenstand wat hulle kan verwag, maar Hy laat hulle nie alleen nie. Watter nood of trauma jy ook al beleef in hierdie lewe, sal nie sonder die Vader wees nie. Hy sal jou in alle omstandighede vashou.

Wees dan getrou in jou verhouding met die Here. Dien Hom, volg Hom, loof Hom. Om Jesus te volg, ongeag die prys daarvan, is die kroon op die lewe.

### **Lied 519**

1. Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Ek spreek en wind en golwe bedaar,  
Ek sal ook jou getrou bewaar.

2. Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Ek ken jou pyn, jou donkerste nag.  
Ek is by jou, Ek gee jou krag.

3. Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Kom bring na My jou kommer en vrees.  
Ek sal vir jou 'n toevlug wees.

4. Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Bly waak en bid; volhard in geloof.  
Ek is by jou soos Ek beloof.